BenguFarm™

ADVANCED LIVESTOCK MANAGEMENT SOFTWARE

**BEEF • GAME • SHEEP • GOATS • PIGS • GENETICS**

# Nuusbrief 1/2019

**4 Januarie 2019**

## In hierdie Nuusbrief:

- **Opleidingskursusse**
- **Is jou BenguFarm sagteware op datum?**
- **Is jou BenguFarm data veilig?**
- **Het jy geweet?**
- **Volg BenguFarm op Facebook**
- **Wenk**

Om vorige nuusbriewe te sien, gaan na www.bengufarm.co.za > Downloads > Newsletter.

## Opleidingskursusse

Ken jy en jou personeel die BenguFarm program goed genoeg om dit ten volle te benut vir algemene bestuur, seleksie, teling en bemarking? Indien nie, oorweeg dit dan om een van die volgende BenguFarm opleidingskursusse by te woon:

**BEEF module:**

- Inleidende kursus 12-13 Februarie 2019, Bloemfontein. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 14-15 Februarie 2019, Bloemfontein. Aanbieding in Afrikaans.
- Inleidende kursus 19-20 Februarie 2019, Pretoria. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 21-22 Februarie 2019, Pretoria. Aanbieding in Afrikaans.

**SHEEP & GOATS module:**

- Inleidende kursus 5-6 Februarie 2019, Bloemfontein. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 7-8 Februarie 2019, Bloemfontein. Aanbieding in Afrikaans.
- Inleidende kursus 5-6 Maart 2019, Pretoria. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 7-8 Maart 2019, Pretoria. Aanbieding in Afrikaans.

**GAME module:**

- Besig met beplanning van kursusse vir 2019.

Indien jy belang stel om een van hierdie kursusse self by te woon of van jou personeellede te stuur, kontak Mnr. Leslie Bergh by 082 801 2026 of stuur 'n epos na leslie.bergh@vodamail.co.za en dui aan in watter kursus jy belang stel. Hy sal dan vir jou die betrokke kursus se besprekingsvorm met al die besonderhede van die kursus stuur. Die besprekingsvorms is ook beskikbaar by www.bengufarm.co.za > Training.

# Is jou BenguFarm sagteware op datum?

**Indien jy nog nie jou BenguFarm program opgradeer het na die nuutste (v21 Sep 2018ak) weergawe nie, volg die volgende stappe om dit nou te doen.**

- **Indien jou BenguFarm-weergawe** (die weergawe datum word bo-aan die BenguFarm hoofskerm vertoon), **tans v16 Jul 2018 of nuwer is** kan jy BenguFarm opgradeer met die web-opdaterings funksie in BenguFarm. Gaan, terwyl jou rekenaar aanlyn is, in BenguFarm na Lêer > Opgradeer vanaf Web.
- **Indien jou BenguFarm-weergawe nog *vóór* v16 Jul 2018 is**, volg onderstaande stappe om die nuutste opgradering af te laai en te installeer. **Kontak gerus jou BenguFarm agent vir hulp, indien nodig.** Nadat BenguFarm op hierdie wyse opgradeer is, sal die web-opgradering funksie in BenguFarm [Lêer > Opgradeer vanaf Web] weer normal werk vir toekomstige opgraderings.
    - Maak 'n rugsteun van jou BenguFarm databasis(se).
    - Maak die BenguFarm program **toe**.
    - Gaan na www.bengufarm.co.za > Downloads > Updates.
    - Laai die lêer **BenguFarm Update v21-09-2018 ak.exe** soos gewoonlik af op jou rekenaar, naamlik regs kliek op die opgradering skakel en "Save link/target as...". 'n Klein skerm sal oopmaak waar die gebruiker kan kies waar die update lêer gestoor moet word. Sodra die plek gekies is, kliek op "Save" om te begin die lêer af te laai. Let op waar die lêer gestoor word.
    - Sodra die aflaai voltooi is, moet die self-onttrekking ("self-extracting") zip lêer uitgevoer word. Kies "Run" van die "Download Complete" dialoog. (Die "Download Complete" dialoog word vertoon deur die webblaaier sodra die lêer aflaai voltooi is). Windows mag moontlik 'n sekuriteit waarskuwing gee en die gebruiker vra of die lêer moet "run" of nie. Kies die "More info" en/of "Run" / "Run anyway" om die opgradering te installeer.
    - Die opgradering lêer sal outomaties die BenguFarm installasiegids soek en al die nodige lêers opgradeer. Wag totdat die "Update Installed" boodskap vertoon worden kliek dan op OK. Onthou om jou antivirus sagteware weer te aktiveer indien jy dit tydelik gede-aktiveer het.
    - Maak BenguFarm oop en kyk of die nuwe weergawe inligting (**BenguFarm™ [Module] v21 Sep 2018p**) aan die bokant van die hoofskerm vertoon.

# Is jou BenguFarm data veilig?

**BAIE BELANGRIK!!!**

- **Maak gereeld 'n rugsteun van jou BenguFarm databasis(se**), **gestoorde verslaguitlegde, fotos & dokumente, ens.**
- **Stoor die rugsteun op op 'n "cloud" gebaseerde plek soos Dropbox, GoogleDrive of OneDrive en/of 'n eksterne hardeskyf of geheuestokkie ("memory stick") en bêre hierdie eksterne hardeskyf of geheuestokkie apart van jou rekenaar op 'n veilige plek sodat dit nie saam met jou rekenaar gesteel kan word nie.** Moet nie die rugsteun op die rekenaar se hardeskyf (bv. C:\BenguFarm\Beef\Backups\ [Kudde]) stoor nie, aangesien dit verlore sal wees indien die rekenaar gesteel word of die hardeskyf beskadig word of 'n virus die rekenaarlêers beskadig/korrup maak.

- Om die verstek plek waar rugsteun lêers gemaak word te verander, gaan na Opstellings > Kuddes > Verstek Gidse vir Lêers > Verstek Gids waarnatoe Rugsteunlêers gemaak sal word.
- **Om 'n rugsteun te maak**, gaan na Lêer > Rugsteun en Herstel. Onder die hofie Maak 'n Rugsteun, kies die tipe data (Databasis(se), Gestoorde Verslaguitlegde, Fotos & Dokumente) waarvan jy 'n rugsteun wil maak. Onder die hofie Maak Rugsteun In, kies die plek waar jy die rugsteun lêer wil stoor, byvoorbeeld na die hardeskyf en/of na 'n eksterne hardeskyf of geheuestokkie. Kliek aan die regterkant op Rugsteun om die rugsteun te maak.
- By Opstellings > Kuddes > Herinneraars kan jy kies dat BenguFarm BEEF jou herinner om gereeld 'n rugsteun te maak.

# Het jy geweet?

Die BenguFarm hoofskerm het twee opsies, naamlik die Kudde Uitleg en die Dier Uitleg. Om te wissel tussen die twee opsies, kliek aan die linkerkant van die skerm op Kudde Uitleg of Dier Uitleg.

**Die Kudde Uitleg is 'n BAIE gewilde nuwe opsie,** nie alleen om belangrike data van 'n groep diere in tabel formaat op te kyk nie, maar talle ander baie handige funksies.

- **Om die nuutste/opgedateerde data te sien**, kliek op Verfris Skerm.
- **Om data in kolomme volledig te vertoon**, kliek op Outo Wydte.
- **Om te kies watter data vertoon moet word**, kliek op Vertoon Opsies onderaan die skerm en kies die betrokke afdelings of velde.
    - Om die keuse van kolomme en verligting te stoor as die verstek opsies vir die betrokke kudde, kliek op Stoor Opsies as Kudde Verstek onder die hofie Stoor/Laai Uitleg. Die gestoorde opsies sal outomaties gelaai word wanneer die kudde die volgende keer oopgemaak word.
    - Om 'n uitleg te stoor vir hergebruik, gee dit 'n naam by Stoor Uitleg As onder die hofie Stoor/Laai Uitleg en kliek op die Stoor ikoon.
    - Om 'n gestoorde uitleg te laai, kies by Laai Gestoorde Uitleg die betrokke uitleg en kliek op die Laai ikoon.
- **Om 'n verslag te skep van die data wat op Kudde Uitleg vertoon word**, kliek op Vertoon Verslag. **Let wel:** Alle kolomme en alle diere wat vertoon word, sal ingesluit word in die verslag. Om slegs sekere kolomme in te sluit in die verslag, kliek op Vertoon Opsies en kies slegs die benodigde kolomme. Om slegs sekere diere in te sluit in die verslag, kies die betrokke diere deur middel van die filters bo-aan die skerm.
- **Om 'n spesieke dier (of moeder of vader) se data in die Dier Uitleg hoofskerm uitleg te sien**, kliek op die betrokke dier se ID nommer. Om terug te gaan na die betrokke dier in die Kudde Uitleg, kliek op die Kudde Uitleg skakel.
- **Om rekords te groepeer**, kliek op die kolomopskrif en hou die muisknoppie in. Beweeg nou met die muis na die oop gedeelte aan die bokant van die verslag waar daar staan "Trek 'n kolomopskrif hiernatoe om volgens daardie kolom te sorteer" en los die muisknoppie. Die kolomnaam sal nou in hierdie oop gedeelte vertoon word. Om die groepering te verwyder, regs kliek op die kolomopskrif en kies "UnGroup".
- **Om rekords te sorteer**, kliek op die betrokke kolom se opskrif. Om in die omgekeerde volgorde te sorteer, kliek 'n tweede keer op die betrokke kolom se opskrif. Om volgens verskeie kolomme gelyktydig te sorteer, hou die SHIFT sleutel op die sleutelbord in en kliek op die betrokke kolomopskrifte.
- **Om rekords te filter**, kliek aan die regterkant van 'n kolomopskrif op die filter knoppie. 'n Lys met al die waardes wat in daardie kolom voorkom sal vertoon word. Om slegs rekords te vertoon wat 'n spesifieke waarde het, kliek op daardie waarde. Daar kan ook op "(Custom)" gekliek word. 'n Skerm sal oopmaak waar byvoorbeeld gekies kan word om om alle rekords te vertoon met 'n waarde groter as 'n sekere waarde. Let op dat meer as een kolom op 'n slag gefilter kan word. Om 'n spesifieke kolom se filter af te haal, kliek op "(All)" by die filter opsies van die betrokke kolom.
- **Om sekere data van diere te belig** "highlight" (bv. koeie met 'n gemiddelde tussenkalfperiode van meer as 400 dae), kliek op Vertoon Opsies onderaan die skerm en kliek dan bo-aan die Vertoon Opsies skerm op Stel Kuddeuitleg Verligting Op (ikoon met klein blokkies met verskillende kleure).
- **Om sekere data** (bv. Natuurlike Dekkings, Kunsmatige Inseminasies, Verander Diere (Tabel Uitleg) of Verkope, Vrektes en Uitskotte) **aan te teken vir 'n groep diere**, merk die betrokke diere in die "K" kolom en kies die betrokke aantekenskerm uit die menu aan die bokant van die skerm of kliek die ooreenstemmende ikoon.
- **Om diere te koppel aan 'n groep**, merk die betrokke diere in die "K" kolom en kliek op Koppel Diere aan Groep.
- **Om diere in die My Verslae skerm te vertoon**, merk die betrokke diere in die "K" kolom en kliek op Vertoon in My Verslae.
- **Om die data te kopieër na jou "Clipboard"**, kliek op Kopieër na Clipboard.
- Vir stap-vir-stap hulp, gaan in die hoofmenu na **Hulp** > Hulp met Hoofskerm > Kudde Uitleg.

**Wenk: Om die Kudde Uitleg** (in plaas van die Dier Uitleg), **te kies as die verstek uitleg vir die hoofskerm**, gaan na Vertoon en kliek die Gebruik Kudde Uitleg as verstek Hoofskerm Uitleg opsie.

# Volg BenguFarm op Facebook

Besoek die BenguFarm Facebook blad vir die jongste nuus, wenke, fotos, ens. Gaan na die BenguFarm webwerf www.bengufarm.co.za en kliek op die Facebook skakel of gaan na www.facebook.com/bengufarm.

# Wenk

Indien 'n **bul/ram in meer as een kudde** (bv. stoet en kommersiël) **gebruik word** wat op **dieselfde databasis** in BenguFarm is, gaan na Diere > Voeg By en Verander Diere (Enkel Dier Uitleg) > Algemene Data, merk die veld "Sigbaar vir Reproduksie in Alle Kuddes" en Stoor. 'n Bul/Ram wat só gemerk is sal in die ander kudde(s) op die Dekkings skerm beskikbaar wees in die lys van bulle/ramme om te kies as die bul/ram en by Kalwings/Lammings om

te kies as die vader van 'n kalf/lam. Die bul/ram sal egter nie in die ander kudde(s) gelys word as 'n aktiewe dier in die kuddelys nie.

_oOo_